

KI-DEO NUUSBRIEF

10 years
and growing stronger



Terug van 'n Ongelooflike Toer

Die een ding wat ek al geleer het is dat ons maar groot mag droom, ons mag drome en ideale hê want daarsonder is ons niks. As ons nie iets het om na te streef of iets het om na uit te sien nie, is ons eintlik net niks en het ons niks. Hier by Ki-Deo het ons al geleer dat ons mag droom, maar ook gesien hoe Jesus gebede beantwoord en dat Hy voorsien en een van die groot drome was 'n Kaapse Toer en wat 'n ongelooflike belewenis was dit nie!

Ons het die Saterdagoggend dou voor dag vertrek met 'n groepie wat uit hul nate wou bars van opgewondenheid! Hoe ver is dit tannie?, Hoe lank moet ons nog ry?, was die gereelde vrae en dan skielike stilte wanneer almal aan die slaap geraak het!

Ons eerste stop was op Richmond by twee ongelooflike gasvrye mense by die Rondawel Gasteplaas in Richmond waar ons soos familie getrakteer was met heerlike skaaptjoppies op die vuur, slaai en 'n tuisgebakte koek vir nagereg. Die volgende oggend was dit 'n koningsontbyt en was die afskeid maar swaar van die twee wonderlike mense. Die kinders het die hanslammetjie bottel gegee, kon net lekker bene rek en speel en die gevoel van plaas kry wat hulle natuurlik baie geniet het! Die kuier was beslis te kort!

Daarna was dit voet in die hoek Oudtshoorn toe waar ons weereens in styl gebly het en vir 4 dae, het die kinders 'n ongelooflike tyd gehad en dinge beleef wat hulle nog net in prentjies gesien of van geleer het. Ons het die Kangogrotte besoek waar van die avontuurlikes regdeur gegaan het en deur die skoorsteen gekruip het, Volstruisplaas waar hulle op 'n volstruis kon sit en Lisa en Shawn was die twee dapperes wat volstruis gery het! Ons het bietjie van 'n

pionierservaring gehad, kamele gery en sekerlik die hoogtepunt was die olifante. Hulle kon die olifante voer waarna die olifant sy slurp om hulle gesit het om 'n drukkie te gee en kon hulle ook op hulle sit. Ons was ook in Langenhoven se huis wat regtig interessant was en het die kinders met groot oë gekyk na hoe mense van daai tyd geleef het en die bed waarop Langenhoven oorlede is! Daarna CP Nel museum toe waar ons meer oor die Geskiedenis en Oudtshoorn geleer het. Oral waar ons gekom het, het ons te doen gehad met die wonderlikste mense en die beste behandeling ooit gekry. Dankie aan Lynette van Spore in die Suid-Kaap wat hierdie gedeelte vir ons so spesiaal gemaak het!

Daarna was dit die Dias Museum en toe voet in die hoek Kaap toe waar ons die Taalmuseum en Taalmonument besoek het en ook geleer het van hoe ons taal ontstaan het asook die argitek wat die Taalmonument ontwerp het en wat elke gedeelte van die Taalmonument beteken. Oppad Gordonsbaai toe waar ons vir die res van die tyd sou bly, het ons eers vir middagete gestop op die Groenland wynplaas en was die kinders vertel van die prosesse van wynmaak en was dit weer die wonderlikste en gasvrye behandeling van Piet en sy vrou wat ons net langer daar wou hou en het die kinders die toer en ete baie geniet.

Vir die res van die tyd was ons in Gordonsbaai en het Tafelberg, Kaappunt, Houtbaai, Bettiesbaai se pikkewyne gesien, Akwarium, die Rooibustoer, Hermanus uitgegaan met 'n boot om walvisse te sien, wat natuurlik 'n ongelooflike ondervinding was en het ons meer as 10 walvisse en 'n skool dolfyne gesien, Ons het meer van die boesmans geleer by Kwa Ttu, gestop op Phildadelphia en oral gaan inloer en bietjie gesels met die men-



DRINGEND:

ONS IS BAIE DRINGEND OPSOEK NA NAWEEK- EN VAKANSIE OUERS VIR KAMESHINIE (7JR), KONTAK MY ASB SOU JY BELANGSTEL!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

GAAN LIKE ONS ASB OP FACEBOOK EN VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Bankbesonderhede is soos volg:

ABSA: Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH
E-pos bewys na:
theresag@ki-deo.co.za



Kruidentersware benodig:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie- en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Mieliepap
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

Vervolg

mense wat graag storiëttjies deel. Hierdie Gautengers was tot braaf genoeg om so 'n vinnige swem in die see te neem! Die volgende dag was dit die Dorpsmuseum in Stellenbosch waar die kinders huise oor 4 era's heen kon sien en die stories rondom dit kon hoor. Baie interessant gewees. Franshoek was volgende aan die beurt en moes ons net stop by die baie berugte sjokolade winkel! Kyk, lekker was darem nog nooit sleg nie!! Die Saterdagoggend moes ons die mooie Kaap weer groet en moes ons die lang pad terug aandurf Gauteng toe! Maar nie voor ons nie kon stop by Matjiesfontein en die grootste private museum kon besoek en ook motors uit 'n vorige eeu gaan besigtig nie. Hierdie, veral die motors was baie opwindend vir die kinders. Daarna Laingsburg en die geskiedenis van die vloed wat soveel lewens geëis het! Ons het oornag by Van Zylsvlei waar ons gasvry ontvang is en na 'n heerlike ete kon gaan slaap na 'n baie lang dag. Na ontbyt die volgende dag was dit tyd vir die laaste skof terug huistoe. Het ons afskeid

geneem van die mooie karoo met sy unieke bekooring, en terug na die ratrace in Gauteng. 'n Ongelooflike toer en het ons beslis die beste weer gekry waarvoor ons kon vra! Baie simpel lagoomblikke, maar was die lekkerste om die opgewonde gesiggies te kon dop hou met elke nuwe ondervinding en elke plek wat ons besoek het. Hierdie kinders van my het dit werklik so geniet en was almal altyd gegroet met drukkies en baie mooi dankie gesê! Sal hulle beslis nog vir jare hieroor gesels en het ons memories geskep wat hulle vir altyd sal onthou! 'n Groot dankie aan elkeen wat dit help moontlik maak het. Hierdie toer was moontlik gemaak deur sponsers en mense wat finansieël bygedra het. Ek het amper 'n jaar terug begin beplan hieraan en met uitdagings wat ons padlangs gekom het, het ek dit sterk oorweeg om die toer te kanselleer, maar kon dit nooit oor my hart kry nie. God het voorsien en dit moontlik gemaak, weet dat Hy ons ook wil bless met die lekker in die lewe en dit was beslis 'n baie groot lekkerte! Aan Hom al die eer vir hierdie groot bederf!

FONDSINSAMELING

Bac(h) from Birmingham
A violin and piano concert by
Lieva Starker Anneke Lamont

2 August
16:00
Dr Miriam Makeba
Hall, Unisa
Pretoria

Featuring works by
Bach, Beethoven, Clare
Loveday, Hendrik
Hofmeyr and Van Dijk

Tickets & Info:
lievastarker@gmail.com
083 287 6966
R100 / R60

Augustus by te woon. Koste is R100 vir volwassenes en R60 vir studente/pensionarisse/kinders. Kom ondersteun ons asb, 50% van die opbrengs van die kaartjies gaan na Ki-Deo. Kontak vir william.fourie1@gmail.com (082 430 4973) vir enige navrae en besprekings of vir Lieva by lievastarker@gmail.com, kontak nr 083 287 6966. Die konsert begin 16h00 by die Dr Miriam Makeba Saal, Unisa. Moet nie die geleentheid misloop nie!

